

**AFRIKAANS HUISTAAL**  
**GRAAD 10**  
**HUISWERK – WEEK 8**  
**11-14 AUG 2020**

**Graad 10 – Woordsoort oefening 2**

**OPDRAG:** Lees die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:

**10 anonieme Kersgeskenke vir minder as R100**

*Goeie Huishouding Nuusbrief, 1 Mei 2018*

1. **Beige katoog-sonbril:** Vir daardie vriendin wat alles het, maar nie 'n stylvolle sonbril kan weerstaan nie.
2. **Nescafé Dolce Gusto Café Au Lait-koffiekapsules:** Vir die koffieliefhebber wat nie sy of haar dag sonder kafeïen kan begin nie.
3. **Katvoet-kleefnotas:** Vir die kollega wat dol (...) diere is.
4. **Humble + Mash Rain-beker:** Vir die dekoratiefhebber wat nie 'n mooi en bruikbare toevoeging tot hul huis sal weier nie.
5. **Pop-verf in die kleur Macaroon:** Koop dit vir die selfdoen-entoesias. Die selfdoen-entoesias is mal oor pienk.
6. **Priceless Treasure-prent:** Vir die kunsgeesdriftige wat 'n eenvoudige (...) asemrowende uitsig sal waardeer.
7. **Skull Cactus-notaboek:** Vir die beplanner wat nooit genoeg skryfplek het nie.
8. **Anthonij Rupert Protea Sauvignon Blanc:** Vir die wynliefhebber wat daarvan hou om nuwe wyne te probeer.
9. **Trudeau-maatlepels:** Vir die persoon wat bak; jy kan nooit genoeg maatlepels hê nie!
- 10: **Nomu-vryfmiddels** (in verskeie geure): Vir die bobaas-braaier wat daarvan hou om (...) nuwe geure te eksperimenteer.

## VRAE:

1. Die soortnaam **vriend** in sin 1 het 'n postmorfeem. Hoe verander die postmorfeem hierdie soortnaam se betekenis? (1)
2. Voltooi: 10 en 100 is beide voorbeelde van ... telwoorde. (1)
3. As watter soort werkwoord word **kan** in sin 1 gebruik? (1)
4. Kies enige TWEE terme uit die lysie tussen hakies waarmee jy die werkwoord **weerstand** kan beskryf: (skeibaar/onskeibaar/oorganklik/onoorganklik/hulpwerkwoord) (2)
5. Skryf 'n besitlike vnwe. uit sin 2 neer en bewys dat die woord ook as 'n ander soort v.nw kan diens doen. (2)
6. Gebruik die hulpwerkwoord **kan** as 'n soortnaam in enige sin waaraan jy kan dink. (1)
7. In sin 2 is dag 'n s.nw. verander dit in 'n bywoord en gebruik jou antwoord in 'n goeie sin. (1)
8. Skryf die voorsetsel neer wat in sin 3 uitgelaat is. (1)
9. Skryf die volgende deel uit sin 4 oor in die verlede tyd sonder om die woordorde te verander:  
Die dekoratiefhebber sal nie 'n mooi toevoeging tot hul huis weier nie. (1)
10. Verbind die twee sinne in paragraaf 5 tot een vloeiende sin deur 'n betreklike voornaamwoord te gebruik. (1)
11. In sin 6 word **kunsgesdriftige** gebruik as 'n s.nw. Maak 'n sin van jou eie waarin kunsgesdriftige as 'n attributiewe b.nw. gebruik word. (1)
12. Verskaf 'n voegwoord wat in sin 6 sal pas. (1)
13. **Beplanner** is 'n soortnaam wat 'n persoon impliseer. Vorm 'n ander s.nw. van beplan sodat dit 'n abstrakte s.nw. is. (1)
14. Skryf sin 7 oor in die toekomstige tyd. (1)
15. Skryf die intensiewe vorm van **nuwe** soos dit in sin 8 gebruik word neer. (1)
16. Skryf enige infinitiefvorm neer wat jy in die teks raaklees. (1)
17. Verskaf een goeie rede waarom word hoofletters gebruik in:  
Anthonij Rupert Protea Sauvignon Blanc (1)
18. Gebruik die werkwoord **bak** as basis en skryf s.nwe vir die woorde tussen hakies neer:  
Koop vir (die persoon wat bak) 'n goeie stel maatlepels. Hy sal dan lieflike (produkte van sy bakwerk) in sy (plek waar hy bak) kan verkoop. (3)
19. Met watter voegwoord sal jy die kommapunt in sin 9 vervang? (1)

20. Verskaf die ontbrekende voorsetsel in sin 10. (1)
21. Maak 'n verhelderende sin met die ander meervoudsvorm van **middel** (middels in sin 10 is een voorbeeld.) (1)
22. Benoem die onderstreepte woorde in die teks se woordsoortelike funksie volledig.
- 22.1 daardie – sin 1 (1)
- 22.2 het – sin 7 (1)
- 22.3 nooit - sin 9 (1)
23. Byvoeglike naamwoorde gebruik verskillende maniere om 'n teks kleurvol te beskryf. Soek voorbeelde van die volgende in die teks:
- 23.1 'n b.nw. waarin een van die trappe van vergelyking gebruik word. (1)
- 23.2 'n byvoeglike naamwoord wat verbuig is om 'n attributiewe b.nw. te vorm (1)
-